

Ds Johan en Rita Bloemhof



Daaglikse Gebedsverseeke

APRIL / MEI / JUNIE 2019



Jesus is op die troon. God is in beheer ten spyte van wat ook al gebeur. In Sy goedheid en genade laat Hy ook die slegte ten goede meewerk vir Sy kinders wat lief is vir Hom, wat Hom dien en eer. In onsekere tye ONTHOU wat sê God se Woord:

Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde.

Die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag. Ps. 100

Baie dankie vir jou aktiewe deelname aan die uitbreiding van God se Koninkryk in Frankryk deur voorbidding en gawes.

Johan en Rita BLOEMHOF

APRIL 2019

“Is iets te buitengewoon vir die Here ?”

Genesis 18.14

1-2 Plaaslike gemeente. Dank God vir die liefde, toewyding en ywer van baie lidmate om erns te maak met die Bybel.

3-4 Spesiale Vriende erediens vir buitkerklike mense. Bid dat die Heilige Gees in die harte van die besoekers wat die afgelope Sondag gekom het, werk en dat hulle die begeerte het om weer na die kerk te kom.

5-6 Verskeie uitreike met Suid-Afrikaners en verspreidings deur plaaslike gemeentes lê voor die deur. Dank God vir al die Suid-Afrikaners wat kom help. Bid vir die drukwerk en dat alles veilig by die gemeentes in Frankryk afgelewer word. Bid vir voldoende fondse vir drukwerk en versendingkoste.

7-8 Bybelvakansieklubs word tydens die skoolvakansie gehou. Bid dat die Evangelieboodskap duidelik oorgedra word en vir die redding van kinders en ouers.

9-10 Verskeie Paasfeesklubs word gedurende Aprilmaand regoor Frankryk gehou om die Evangelie aan buitkerklike kinders te verkondig. Bid dat kinders kom wat honger na God en Sy Woord en dat hulle gered sal word.

11-12 Johan ondergaan 'n neusoperasie (vergroting van die lugkanale). Bid asseblief vir 'n suksesvolle operasie en vinnige herstel.

13-14 Johan en Rita reis baie kilometers. Bid vir beskerming tydens die reise.

15-16 Maandelikse Goeie Nuus klubs. Bid dat baie kinders na die klubs kom en vir bekerings.

17-18 Normandie en Korsika. Bid vir CEF-werkers in die streke en DV vir VERITAS opleiding vir die leiers in KORSIKA-eiland.

19-20 Ons seun Jean en Holly Bloemhof. Dank die Here vir hulle bediening deur Veritas

en CEF. Bid dat hulle twee kinders Anna en Sophie sterk sal word in die Here.

21-22 PAASFEES Jesus sê : **“Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook.”** Johannes 11: 25

23-24 Internetbedienings in Europa. Dank die Here vir 'n nuwe dinamiek en Bybellees-programme vir kinders. Bid vir Christelike kundiges vir die ontwikkeling en die nodige fondse.

25-26 Bybelkorrespondensiekursusse per pos (Evelynne en Michel). Dank die Here vir hulle getroue bediening.

27-28 Veritastoerusting. Bid dat die Here Johan en Jean se kursusse seën. (**Module 3 – Psalms, Wysheidsliteratuur en die Profete**). Bid vir moontlike opleiding van lidmate en leiers van verskeie gemeentes (Module 1) vanaf Oktober.

29-30 Geloofsending. Dank die Here vir elke ondersteuner vir die Franse Sending. Bid dat Hy hulle ryklik sal seën.

MEI 2019

“Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan HOM behoort die heerlijkheid tot in alle ewigheid.” Rom. 11.36

1-2 Bloemhofgesin. Loof die Here vir Sy groot genade dat almal Hom dien. Bid ook dat die ag kleinkinders God se genadehand sal neem en Hom met oorgawe sal dien.

3-4 Paasfeesuitreik by ons gemeente. “Jours du bois” ‘Houtdae’ kinderklub en Konsert (DEN-ISA). Bid vir eenheid en liefde onder die span, dat baie kinders en ouers sal kom, vir 'n genotvolle tyd en duidelike verkondiging van die Evangelieboodskap. Vir redding van gesinne.

5-6 Evangeliese webblad www.Dieu-t-m.com. Bid vir meer kinders wat op dié wyse die Evangelie sal hoor en gered word.

7-8 Rita Bloemhof. Bid dat ek altyd die Here met my hele hart dien en vir goeie gesondheid.

9-10 Johan Bloemhof. Loof die Here vir die voorreg om Hom in die Sendingveld te kan dien en vir gesondheid. Bid dat die Here my oë beskerm teen die gloukoom en dat ek elke dag in my geloof sal bly groei.

11-12 Franse Publikasies. Dank die Here vir nuwe publikasies vir kinderevangelisasie.

13-14 Marcel en Elise Bloemhof. Dank die Here vir 'n goeie plaaslike gemeente. Bid vir Lana(5), Ruben(3) en Mathias(5 maande) se redding en vir Elise se genesing van MS.

15-16 CEF Europese konferensie in Duitsland (15-21 Mei). Bid dat al die werkers in hulle geloof en ywer vir die Here versterk word en vir nuwe visie.

17-18 Bid vir die sprekers en vir veilige reise vir al die deelnemers.

19-20 Vertrou God vir nog sewe werkers in die onbereikte streke. “Die oes is groot maar die arbeiders min – bid die Here aan wie die oes behoort om arbeiders uit te stuur vir Sy oes.” (Mat 9.38-39)

21-22 Simon, ons kleinkind met die nierprobleme. Die 22ste kom die mediese span bymekaar om weer 'n opinie te gee. Bid asb. steeds vir 'n wonderwerk van genesing as dit God se wil is. “Dit is die Here ... wat al my siekte genees.” Psalm 103.3

23-24 Suid-Afrikaners uit Engeland en RSA kom vir 'n uitreik in NORMANDIE. 75,000 Evangelies van Lukas (spesiale uitgawe met Tweede Wêreld herdenking Oorlog getuienisse) moet versprei word.

25-26 Bid vir veilige reise, vir wonderlike gemeenskap van gelowiges en redding van baie mense. Dr. Ferdie Clasen, Steyn en Anna-Marié Muller (SAG Sendingleiers) en ds Loffie Schoeman vergesel die groepe.

27-28 PONTORSON-Uitreik (Normandie).

Dank God vir elke Suid-Afrikaner wat kom help. Bid vir bekerings en vir Kerkplanting in dié dorp.

29-31 Ma Hester verjaar die 30e. (86 jaar) Bid dat sy nog goeie gesondheid geniet en vir lewensvreugde, geloof, hoop en toewyding. **HEMELVAART** “Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.”

JUNIE 2019

“Die Here die Almagtige het dit besluit, wie sal dit kan verydel?” Jesaja 14:27

1-2 Algemene Sinode Eglise Libre. Bid dat die Gees van God duidelik sal lei en dat God in alles verheerlik sal word. Tema: Waag om te Ontwikkel.

3-4 Geloofsending. Loof die Here vir gemeentes en individuele gelowiges se oop harte. Bid dat die Here elkeen ryklik sal seën.

5-6 Webblad www.CliqueLaVie.com Dank die Here vir al die kinders wat die afgelopen jaar begelei is. Bid vir die verdere ontwikkeling van die webblad en vir 'n webmeester. Loof die Here vir die beraders se volharding.

7-8 Gospelaand by ons gemeente. Bid dat God verheerlik word en dat mense gered word.

9-10 Hélène-Laure en Timothée Christin. Dank die Here vir Sy groot genade, hulle liefde vir Hom en vir 'n goeie Bybel-gefundeerde gemeente. Bid dat hulle seuntjie Théo vroeg God se liefdeshand sal neem.

11-12 Dank die Here al die gelowiges wat die 30 uur Kinderevangelisasie-opleidingskursusse doen – bid vir visie en effektiewe toerusting.

13-14 Werkers vir die Internet-oes. Ons vertrou die “Here van die oes” vir nog beraders vir die Internetbediening.

15-16 VERITAS module 3 opleiding. Bid dat studente goed toegerus word om die Bybel te interpreteer en dit toe te pas.

17-18 Jeanne Tchoumi (Werkster Parys-omgewing). Loof die Here vir haar geseënde bediening in Parys-omgewing.

19-20 Timothée en Julie Bloemhof. Bid dat hulle instrumente in God se hande sal wees. Bid vir **Eliott**(4) en vir **Simon**(2) se redding en vir genesing van Simon se niere.

21-22 Normandie Tweede Wêreld Oorlog Herdenking Uitreik o.l.v. ds Sakkie van den Bergh. (20 tot 27 Junie). Dank die Here vir elkeen wat kom. Bid vir eenheid, seën, beskerming en vrug.

23-24 Johan se Sekretaris – Any GRISEY. Loof die Here vir haar deeglike werk vir die Ontwikkeling- en Internetbedienings.

25-26 Uitreike 2019 DV sal 187,100 gesinne regoor Frankryk en die Franse eilande die volgende paar maande bereik word met die Evangelie. Dank die Here vir elke gemeente wat deelneem. Bid vir vrug wat bly.

27-28 Geloofsending. Dank die Here vir Sy getroue voorsiening deur vrywillige bydraes van gelowiges en gemeentes.

29-30 Bid vir **nuwe Christene of ontvanklike studente in ons huis** om so die pot aan die kook te kan hou.

Nuusbrief en adresveranderings: Franse Sending, NGK Nigél-Oos, Posbus 619, Nigél, 1490

Bydraes /Tjeks: “Child Evangelism Fellowship” Spesifiseer asb. vir “**ds J. F. Bloemhof Nr 30**”; Posbus 3139; Somerset-Wes 7129; RSA (Navrae Dr. Ernest van Zyl 0817367679)

Bankinbetalings of Debietorders:

FNB (First Nasional Bank)

Rekening naam: Child Evangelism Fellowship;

Takkode: 200912

Rekening nr.: 53 800 042 847

Verwysing: Vir ds **J. F. Bloemhof nr 30**

Debietorder: Vra asb. aan by bloemhof@free.fr